

HERINNERING: SPERDATUM VIR WERKGEWER INTERIM REKONSILIASIE KOM VINNIG NADER

Pretoria, 22 Oktober 2019 - Werkgevers word daaraan herinner dat hulle twee weke het voordat die Werkgewer Interim Rekonsiliasie belastingtydperk sluit op 31 Oktober 2019. Die rekonsiliasie tydperk het op 23 September 2019 geopen.

Soos die geval met ander belanghebbendes en belastingpligtiges, word werkgevers gevra om hande te vat met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) met die opbou van die fiskus vir Suid-Afrika se ontwikkelingsagenda. Vir die 2017/18 fiskale jaar het LBS 96.4% van die totale ingevorderde persoonlike inkomstebelasting uitgemaak (verwysing: SARS 2018 belastingstatistieke publikasie, hoofstuk 1, tabel A1.4.2).

Die interim rekonsiliasie tydperk vir werkgevers dek die ses maande transaksie tydperk vanaf 1 Maart tot 31 Augustus, terwyl die finale jaarlikse rekonsiliasie vir die volle belastingjaar vanaf 1 Maart tot die laaste dag van Februarie is, en gedurende April en Mei ingedien moet word. Daar is dus twee rekonsiliasieverklarings wat werkgevers moet indien gedurende die verloop van die jaar van aanslag om te verseker dat werknemers se IRP5/IT3(a)-sertifikate akkuraat en betyds uitgereik word vir die persoonlike inkomstebelasting belastingseisoen.

Gedurende die rekonsiliasie tydperke, moet die werkgever die bedrae wat hulle gedurende die eerste ses maande van die belastingjaar vir werknemersbelasting (LBS), die vaardigheidontwikkelingsheffing (SDL), hul werkloosheidsversekeringsbydraes (WVF) en die indiensnemingbelastingaansporing (ETI), asook betalings gemaak en belastingwaardes weergegee op hulle werknemers se IRP5/IT3(a)-belastingcertifikate, bevestig of regsel. Die elemente wat moet rekonsilieer, is die maandelikse verklarings, betalings gemaak - uitsluitend boete en rente betalings - en die waardes vir LBS, SDL en WVF weergegee op die IRP5/IT3(a)-sertifikate.

Onder die veranderinge vir hierdie jaar se interim werkgewer rekonsiliasie tydperk, is die verlenging van indiensnemingbelastingaansporing met tien jaar tot 2029. Die indiensnemingbelastingaansporing (ETI) is 'n aansporing wat werkgevers aanmoedig om jong werksoekers in diens te neem. Dit verminder die onkoste van die aanstel van jongmense deur die bedrag werknemersbelasting (LBS) aan SARS verskuldig, te verminder sonder om die werknemers se lone te affekteer. Werkgevers wat vir die aansporing kwalifiseer, moet die EMP501-rekonsiliasie voor die einde Oktober indien om enige maandelikse aansporingsbedrae, wat nie gebruik is gedurende die eerste ses maande (Maart tot Augustus) te eis.

Werkgevers wat nie verklarings indien en eis vir die eerste ses maande (Maart tot Augustus) nie, sal enige indiensnemingbelastingaansporing-krediet aan hulle verskuldig, verbeur.

Werkgevers wat wag om verklarings in te dien gedurende die jaarlikse rekonsiliasie tydperk, sal slegs die kredietbedrag vir die tweede ses maande tydperk (September tot Februarie) kan eis, en nie vir die eerste ses maande tydperke nie.

Versterkings

Die Werkgewer Interim Rekonsiliasie tydperk het die volgende versterkings ondergaan:

- 'n Nuwe HTML5-vorm op eFiling vir verhoogde bruikbaarheid en ware-tyd boodskappe.
- Nuwe bronkodes is tot die IRP5/IT3(a)-afdeling van die vorm gevoeg wat die regs wysigings insluit wat op die huidige belastingjaar van toepassing is.
- 'n Eenvoudiger proses vir die geldigverklaring van indienshoudingbelastingberekeninge vir IRP5/IT3(a)-sertifikate
- 'n Rekeningstaat vir tydperke voor 2008 kan versoek word.

Indieningskanale

SARS e@syFile™ Employer is 'n nommerpas-platform wat ontwerp is om belastingpligtiges te help wat werkgevers of salarisroladministrateurs is, om hulle belasting sake te bestuur. Werkgevers kan deur eFiling of e@syFile™ indien. Met eFiling kan tot 50 IRP5/IT3(a)-sertifikate ingedien word, terwyl die aantal onbeperk is met e@syFile™. Indiening by takke is beperk tot slegs vyf sertifikate.

Registrasie van werknemers vir inkomstebelasting

SARS het grootmaat registrasie-oplossings op e@syFile™ geskep vir werkgevers om hulle werknemers vir inkomstebelasting te registreer en outomaties inkomstebelastingnommers vir hierdie werknemers te kry.

Vir meer inligting, laai asseblief die "SARS e@syFile™ Employer User Guide" of "A guide to using eFiling to register an employee" af. Belastingpligtiges kan die kontaksentrum skakel by 0800 00 7277 vir bystand.